# Beperk uitbreking van siektes só

Die Herkouerveterinêre Vereniging van Suid-Afrika (Ruvasa) het voorkomende maatreëls bekend gemaak om veekuddes teen siektes te beskerm wat deur eksterne kontak oorgedra word. 'n Uitreksel uit Ruvasa se verslag word hier weergegee.

## Vee-aankope

Boere moet die volgende bevestig voor nuwe diere in die kudde toegelaat word:

- Hoe lank was die diere op die vorige plaas of verkoopunt?
- Was daar onlangs siekte-uitbrekings by die plaas of plek waar die diere gekoop is?
- Word die diere se eienaarskap deur brandmerke bevestig?
- Is 'n inentingsprogram gevolg (skriftelike bewyse of bevestiging van 'n veearts)?
- Watter eksterne parasiete kom plaaslik voor en watter bekamping is gedoen?
- Word 'n veearts-ondersteunde bekampingsprojek teen oordraagbare siektes gevolg?
- Die datums en voldoende aantal toetse vir geslagsiektes van vroulike én manlike diere moet geverifieer word.

## Aankope van verkopers of spekulante

- Koop slegs op plekke wat nie naby aan die beheerde gebiede is nie.
- Doen 'n visuele inspeksie van die diere vir brandmerke en parasietbesmetting voor die diere gekoop word.

## Vervoer na die plaas

- Gebruik slegs betroubare vervoermaatskappye.
- Is die vragmotor of sleepwa skoongemaak en ontsmet?
- Die vragmotor moet die kortste, ononderbroke roete volg.
- Die personeel van die vervoeronderneming moenie in kontak met die plaaskudde wees nie.

## Aankoms op die plaas

- Laai die vee af om stres te beperk en sodat hulle visueel ondersoek kan word vir onnatuurlike toestande.
- Plaas die vee in kwarantyn vir ten minste 21 dae.
- Indien nodig, toets weer vir kommerwekkende siektes voordat die nuwe vee by die res van die kudde toegelaat word.
- Nuwe aankomelinge op die plaas moet binne 24 uur ná aankoms verwerk word, soos om van 'n unieke ID-plaatjiemerk toegerus te word, gedip, gedoseer en ingeënt te word.

## Voeraankope

- Maak seker hooibale word nie verkry van gebiede wat aan geskeduleerde gebiede grens nie.
- Koop voer slegs van betroubare handelaars.
- Vermy aankope van voer in tweedehandse sakke.

## Besoekers

- Moenie vreemdelinge of hul voertuie by die vee toelaat nie.
- Maak seker heinings is goed onderhou en bestand teen roofdiere.

## Werknemers

- Moenie werknemers toelaat om in voerskure te eet nie.
- Voorsien die werknemers van voldoende ablusiegeriewe.
- Tref reëlings om werknemers gereeld teen lintwurm te behandel en gesondheidsondersoeke te doen.
- Hou rekord van al die werknemers se vee op die eiendom.
- Behandel werknemers se vee met toegewyde gesondheidsprogramme.
- Maak seker werkgewers het 'n begrip van die redes waarom biosekerheidsmaatreëls toegepas moet word.

## Algemene en reproduksiebestuur

- Alle diere is individueel geïdentifiseer en aangeteken en met 'n geregistreerde brandmerk gemerk.
- 'n Gedefinieerde teeltyd is die grondslag van doeltreffende bestuur.
- Voldoende energiereserwes in die kuddes wat deur 'n kondisietelling gemeet word is noodsaaklik, veral vir doeltreffende teling. Wanneer dit tekort skiet, word dit in konsultasie met 'n voedingskundige aangevul. Kondisietellings van bulle en koeie word gereeld gedoen, veral aan die begin van die teeltyd en aanvullings word voorsien indien nodig.
- Alle teelbulle word voor die teeltyd vir paringsvermoë en semengehalte getoets.
- Bulle se skedes moet jaarliks gewas of geskraap word.
- Koeie word teen siektes ingeënt wat tot swak bevrugting, aborsies of swak kalwers lei.
- Veeartse toets vir dragtigheid agt weke ná die teeltyd.
- Toetse moet gedoen word as minder as 20% van die diere dragtig is om die oorsaak van die lae dragtigheidskoers te bepaal.
- Nie-dragtige koeie moet uit die kudde verwyder en as 'n noodsaaklike bonus ten opsigte van kudde-inkomste beskou word.

## Kuddegesondheid en biosekerheid

- Die instandhouding van kuddegesondheid is die sleutel tot 'n suksesvolle onderneming. 'n Veearts behoort die plaas ten minste twee keer per jaar te besoek.
- Boere wat speenkalwers aan voerkrale verkoop, kan 'n bemarkingsvoordeel teenoor ander boere hê.
- Kuddes kan die risiko loop om blootgestel te word aan besmetlike misgeboorte en tuberkulose. Die kudde moet jaarliks teen besmetlike misgeboorte en tuberkulose ingeënt word. Die kudde moet ten minste elke vyf jaar vir tuberkulose getoets word.
- Veemiddels en medisyne behoort geregistreer te wees, reg gebêre en voor die vervaldatum gebruik te word. LBW

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102
E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za